Monsanto se Sakegedrag-riglyn

Ons s'n is 'n wonderlike visie. Die moontlike voordele van Monsanto se produkte kan regoor die wêreld gesien word, vanuit die kleinste familieplase tot die grootste handelsondernemings.

Om die Belofte gestand te doen deur sake met integriteit te doen, sal bydra om ons visie 'n realiteit te maak. Ons Sakegedragskode is u verwysing vir sake-integriteit by Monsanto. Integriteit is die oorkoepelende waarde in die Monsanto Belofte en die wyse waarop ons ons daaglikse sakebedrywighede uitvoer. Ons Sakegedragskode verskaf leiding oor die uitvoering van saketransaksies met integriteit. Om te eniger tyd 'n vraag oor ons kode te vra of om 'n kwessie te opper, skakel asseblief die Monsanto Sakegedrag-riglyn.

Monsanto se Sakegedrag-riglyn is 'n gerieflike manier vir u om leiding te vra met betrekking tot die hantering van enige sakegedragskwessie. Indien u dit verkies, kan u skakel sonder om u naam te verskaf.

Indien u van buite Noord-Amerika skakel, skakel eers u land se toegangskode. Vir Suid-Afrika, is die kode en inskakelnommer: 0-800-99-0123, 877-781-2431.

As u Monsanto se Sakegedrag-riglyn skakel, sal 'n opgeleide kommunikasiespesialis met u praat ten einde die aard van u kwessie beter te verstaan. Die spesialis dra dan u vraag in die vorm van 'n verslag aan die Monsanto Sakegedragskantoor oor, wat dan u vraag sal hersien om toepaslike aksie of reaksie te bepaal.

U sal aan die einde van u oproep 'n verwysingsnommer en 'n terugskakeldatum ontvang, waarna u op u vraag of kwessie kan opvolg. Verskaf slegs die verwysingsnommer as u skakel. Indien addisionele inligting van u verlang word, sal dit van u gevra word as u terugskakel.

Neem asseblief kennis.....

Monsanto se Sakegedrag-riglyn het nie ten doel om 'n plaasvervanger vir betekenisvolle kommunikasie tussen u en u toesighouer te wees nie. Indien u vrae of kwessies het aangaande normale bedryfsprosedures of voorstelle om u werkplek meer gemaklik of doeltreffend te maak, bring hulle asseblief direk na u toesighouer.

Monsanto Belofte

Integriteit is die grondslag vir alles wat ons doen. Integriteit sluit eerlikheid, ordentlikheid, beginselvastheid en moed in. Deur voort te bou op hierdie waardes, is ons verbind tot die volgende:

Dialoog:
Ons sal sorgvuldig luister na uiteenlopende standpunte en betrokke raak by weldeurdagte dialoog om ons begrip van vraagstukke te verbreed ten einde die behoeftes en knelpunte van die gemeenskap en mekaar beter te kan aanspreek.

Respek:
Ons sal die godsdienstige, kulturele en etniese aangeleenthede van mense wêreldwyd respekteer. Die veiligheid van ons werknemers, die gemeenskappe waarbinne ons optree, ons klante/kliënte, verbruikers en die omgewing sal ons hoogste voorkeur geniet.

Deursigtigheid:
Ons sal verseker dat inligting beskikbaar, toeganklik en verstaanbaar is.

Om te deel:
Ons sal kennis en tegnologie deel om wetenskaplike begrip te bevorder, die landbou en omgewing te verbeter, oeste te verbeter, en boere in ontwikkelende lande te help.

Voordele:
Ons sal produkte van hoë gehalte lewer wat voordelig is vir ons klante/kliënte en die omgewing, met grondige en innoverende wetenskap, en bedagsame en doeltreffende toesighouding.

Intern belowe ons ook die volgende:

Om as eienaars op te tree om resultate te bereik:
Ons sal duidelik wees wat betref rigting, rolle en aanspreeklikheid, sterk verhoudings met ons klante/kliënte en buitevennote opbou; verstandige besluite neem; toesig hou oor ons maatskappy se hulpbronne; en verantwoordelikheid neem vir die bereiking van ooreengekome resultate.

Om ’n aangename werksplek te skep:
Ons sal ’n verskeidenheid mense en denke verseker; innovering, kreatiwiteit en ’n leerkultuur bevorder; inklusiewe spanwerk beoefen; en ons mense beloon en erkenning gee.

Sakegedragskantoor-hulpbronne
U word aangemoedig om die metodes waarop die Sakegedragskantoor geskakel kan word, te benut:

Monsanto Riglyn:	877-781-2431
Kantoortelefoonnommer:	800-886-0782
E-pos:	business.conduct@monsanto.com
Wêreldsakegedrag-pos:	Monsanto Business Conduct Program
	P.O. Box 21526
	St. Louis, MO 63132, USA

Let asseblief daarop dat dit u vrystaan om ’n knelpunt of vraag anoniem aan die Sakegedragskantoor te rig. Ten einde u anonimiteit te beskerm, moet u asseblief gebruik maak van die Riglyn of posbus as kommunikasiemiddel. Aan daardie werknemers wat wel hul name verstrek: u vertroulikheid sal sover moontlik beskerm word.

Geagte Monsanto kollegas:

'n Onwrikbare verbintenis tot integriteit wat alle sake-aktiwiteite betref, vorm die grondslag van ons korporatiewe optrede. Ons moet nooit hierdie verbintenis as vanselfsprekend aanvaar nie, maar dit inderdaad daagliks herbevestig. Deur integriteit in alles wat ons doen, in te bou, sal ons die vertroue van al ons aandeelhouers verdien en behou.

Ons moet daarna streef om dié vertroue daagliks te handhaaf en te versterk. Daarmee kan ons ons visie van oorvloedige kos en 'n gesonde omgewing bereik; daarsonder sal ons bykans onoorkomelike hindernisse wat ons vryheid van optrede betref, moet trotseer.

Om daardie reputasie te verdien, beteken meer as om die wet slaafs na te volg. Dit beteken om te doen wat reg is, selfs al kom ons te staan voor situasies wat nie deur enige spesifieke wet of regulasie aangespreek word nie. Soms is die regte ding om te doen nie duidelik nie, maar by Monsanto is dit ons taak om die regte antwoord vir elke sakesituasie te vind. Om ons te help om op die beste manier op te tree, bied hierdie Kode riglyne aangaande geskikte sakegedrag. Ons Kode sal ons help om die verskeidenheid komplekse sakepraktyke wat ons reputasie nadelig kan raak, verantwoordelik te hanteer.

Daar sal van ons elkeen verwag word om die Kode in al ons optredes uit te leef.

Opregte groete



Hugh Grant
Voorsitter van die Raad en HUB van die Monsanto Maatskappy

Inhoudsopgawe

Omvang van hierdie Kode/Sakegedragskantoor 1

Integriteit 2

Ons verbintenisse 3

Ons verbintenis tot mekaar 3

Ons werksomgewing
Veiligheids- en gesondheidsaangeleenthede

Ons verbintenis tot eerlike handel 4

Teenvertrouens- en ander mededingingswette
Mededingende intelligensie
Omkopery en agteraf betaling
Geskenke en vermaak
Bemarkingsintegriteit
Politieke bydraes en stemwerwing
Binnekring-handeldrywing
Belangekonflikte
Korporatiewe geleenthede
Verhouding met verskaffers en klante/kliënte

Ons verbintenis tot produkintegriteit 6

Wetenskaplike navorsing
Produkgehalte
Reguleringsvoldoening
Produktoesighouding

Ons verbintenis om binne ons gemeenskappe te werk 8

Omgewingsbeskerming
Werknemers se politieke aktiwiteite

Ons verbintenis tot akkurate publieke openbaarmaking en die regte gebruik van maatskappybates 8

Gehalte van publieke openbaarmaking
Akkurate boekhouding en rekords
Rekordbestuur
Intellektuele eiendom en vertroulike inligting
Maatskappyeiendom
Rekenaar, e-pos en die internet
Privaatheid van rekords
Privaatheid rakende die Europese Unie

Ons verbintenis tot die wêreldwerkplek 11

Bystand in die stryd teen korrupsie
Teenboikot-wette
Handel- en ekonomiese sanksies
Uitvoer en invoer
Etiese valutatransaksies

Veelvoorkomende vrae 12

Slotgedagtes 13

Omvang van hierdie Kode

Hierdie Sakegedragskode (die “Kode”) is deur ons leierskap en Raad van Direkteure aangeneem, en verteenwoordig en verklaar ons almal se basiese verpligtinge. Eerstens, is dit Monsanto beleid om aan alle toepaslike wette en regulasies te voldoen. Hierdie Kode dien as riglyn en hulp om regsinligting te verskaf rakende sakegedragsvraagstukke wat gereeld voorkom. Die Kode is nie veronderstel om elke omstandigheid aan te spreek nie; dit is ook nie ’n opsomming van al die wette en regulasies wat op Monsanto van toepassing is nie. Daar word altyd van werknemers verwag om hul gesonde verstand en beste oordeel te gebruik wanneer sakegedragsvraagstukke aangespreek word, en om leiding te vra indien die beste wyse van optrede nie duidelik is nie.

Hierdie Kode is van toepassing op Monsanto sakeondernemings en filiale wêreldwyd, asook op Monsanto amptenare, direkteure en voltydse en deeltydse werknemers. Daarbenewens sal hierdie Kode van toepassing wees op alle affiliate onder Monsanto se beheer. Ten slotte, sal alle entiteite wat Monsanto verteenwoordig, soos konsultante, agente, verkoopsverteenwoordigers, verspreiders en onafhanklike kontrakteurs skriftelik onderneem om alle toepaslike gedeeltes van hierdie Kode te volg. Waar ook al van toepassing, sal hierdie entiteite gehou word aan dieselfde voorwaardes wat op Monsanto werknemers van toepassing is.

Sakegedragskantoor

Die Sakegedragskantoor is geskep om die Sakegedragsprogram by Monsanto te implementeer en te bestuur. Die pligte van hierdie Kantoor sluit in die verskaffing van leiding en advies rakende die Kode en enige vraagstukke wat oor sake-etiek handel.

U word aangemoedig om die metodes waarop die Sakegedragskantoor geskakel kan word, te benut:

Monsanto Riglyn:	877•781•2431
Kantoortelefoonnommer:	800•886•0782
E-pos:	business.conduct@monsanto.com
Gewone pos:	Monsanto Business Conduct Program P.O. Box 21526 St. Louis, MO 63132, USA
Sakegedrag se webgebaseerde terugvoervorm:	Op die Sakegedragsprogram-webblad

Let asseblief daarop dat dit u vrystaan om ’n knelpunt of vraag anoniem aan die Sakegedragskantoor te rig. Ten einde u anonimiteit te beskerm, moet u asseblief gebruik maak van die Riglyn of posbus as kommunikasiemiddel. Aan daardie werknemers wat wel hul name verstrek: u vertroulikheid sal sover moontlik beskerm word.

Verder staan dit u vry om enige tyd u toesighouer of Monsanto se regsdepartement met ’n knelpunt of vraag te nader.

Integriteit

Ons sal in alles wat ons doen met integriteit optree, omdat dit die hoeksteen is van hoe Monsanto sake doen. ’n Sakeonderneming wat op integriteit gebou is, skep vertrouensbande wat lei tot sterk en langdurige verhoudings met die gemeenskappe waarbinne gewerk word, met die klante/kliënte, met ander belanghebbendes en met mekaar. Integriteit rig ons optrede in alle dinge, insluitend om die elemente van ons Monsanto Belofte uit te leef. Binne, en oorkoepelend tot die Belofte, is die Monsanto waardes wat dien om ons verbintenis tot integriteit te vorm.

Eerlikheid	Om eerlik en reguit in ons saketransaksies te wees, en ook duidelik en akkuraat in ons kommunikasie. Om die vertroue van diegene wat deur ons bedien word, te verdien en te behou.
Ordentlik-heid	Om mense met waardigheid en regverdigheid te behandel. Om te luister na ander se selfs teenstellende idees, en om in nederigheid saam te werk om probleme op te los.
Standvas-tigheid	Om ons verbintenisse met ons klante/kliënte, beleggers, gemeenskappe en mekaar uit te leef. Om aanspreeklik te wees vir ons optrede en na uitmuntendheid te streef.
Moed	Om dapper genoeg te wees om ons waardes te verwoord en inderdaad uit te leef, selfs al word ons gekonfronteer deur diegene wat dit nie doen nie. Om reg te doen, selfs wanneer dit makliker is om verkeerd te doen.

Dan en wan, selfs wanneer optrede wettig is, kwel dit ons dalk of sodanig opgetree moet word, want om dit te doen, is dalk in konflik met ons eie waardes, of met gedeeltes van ons Monsanto Belofte. Om u sodanige dilemmas te help oplos, word die volgende besluitnemingsleiding voorsien.

Volg hierdie stappe in ’n poging om u probleem op te los:

1. Verkry die feite, maak u dilemma duidelik en bepaal die grondliggende vraagstuk na die beste van u vermoë.
2. Doen u bes om die belange van diegene wat deur u besluit geraak gaan word, te verstaan en let op enige kompeterende belange.
3. Evalueer die situasie en enige aksie met verwysing na ons Monsanto Belofte.
4. As dit lyk of u dilemma dui op ’n konflik met ons Belofte, gaan na ons Waardes vir bykomende leiding om ’n besluit te kies wat die waardes in ag neem en wat volgens u beste oordeel, die beste keuse sal wees.
5. Soek bykomende leiding as u steeds onseker is oor die beste wyse van optrede.

Samevattend: gebruik hierdie Kode as ’n verwysing om nie slegs aan toepaslike wette te voldoen nie, maar ook om seker te maak dat ons handelinge die soort maatskappy wat ons wil hê Monsanto moet wees, weerspieël.

Hier is ’n opsomming van wat integriteit in die werksituasie beteken:

- Voldoen aan alle wette, regulasies, reëls en beleidsaspekte wat ons sakegedrag bepaal, waar daardie sake ook al gedoen word.
- Verseker dat al ons transaksies eerlik hanteer en akkuraat aangeteken word.
- Vermy sowel werklike as veronderstelde belangekonflikte.

Integriteit (vervolg)

- Moenie Monsanto se bates, inligting of verhoudings vir persoonlike gewin gebruik nie.
- Weerhou u van enige vergelding of weerwraak teen ’n werknemer wat op gepaste wyse ’n sakegedragsvraagstuk of -vraag gestel het.
- Respekteer die regte van alle werknemers wat betref regverdige behandeling en gelyke geleenthede, vry van teistering.
- Voer alle saketransaksies eerlik en regverdig uit.

Ons verbintenisse

Om integriteit te hê, beteken om verbintenisse aan te gaan en daarby te hou. Ons het hierdie Kode in ses sakegebiede verdeel, en ons sal ons verbintenisse op elke gebied bespreek.

Ons verbintenis tot mekaar

Ons begin met ons verantwoordelikhede teenoor mekaar, ons medewerknemers. Hoe ons mekaar behandel, stel die voorbeeld en lê die grondslag hoe ons diegene met wie ons sake doen, behoort te behandel.

Ons werksomgewing
Dit is ons werknemers en spanne wat Monsanto se sukses bepaal, en ons moet dit nooit uit die oog verloor nie.

Monsanto is daartoe verbind om ’n wen-omgewing te skep wat verskeidenheid bied, en vry van diskriminasie en teistering is. Gevolglik is ons daartoe verbind om gelyke werksgeleentheid aan alle werknemers en -aansoekers te verskaf. Dit beteken ons sal ’n persoon werf, aanstel, bevorder, vergoed en ander werksvoorwaardes stel, sonder inagneming van sy of haar ras, kleur, geloof, geslag, ouderdom, nasionaliteit, seksuele oriëntasie, veteraanstatus, gestremdheid of enige ander status wat deur arbeidswette gedek word. Ons sal in goeie vertroue poog om gestremde persone op redelike wyse te akkommodeer.

Ons sal nóg diskriminerende optrede, nóg teistering op grond van bogenoemde kenmerke, insluitend seksueel, rasgebaseer of godsdienstig van aard duld. Opmerkings en optrede wat ’n vyandige omgewing aanmoedig of skep, sal nie geduld word nie. Benewens die reeds genoemde aanmeldingskanale, staan dit werknemers wat vrae of kwellings oor ons werksomgewing het, vry om die Menslikehulpbrondepartement te skakel.

Veiligheids- en gesondheidsaangeleenthede
Benewens eksterne reguleringsvereistes het Monsanto sekere fundamentele vereistes ten opsigte van veiligheid en gesondheid gevestig om eenvormige veiligheids- en gesondheidstandaarde wêreldwyd te voorsien. Hierdie vereistes, gesteun deur die beleidsaspekte van die Monsanto ESH-handleiding, voorsien standaarde wat ons toelaat om te voldoen aan die doelwitte soos in die Monsanto Belofte gestel. Onthou dat ons elkeen ’n eie verantwoordelikheid ten opsigte van veiligheid het.

Monsanto kan slegs met die samewerking van elke werknemer daarin slaag om gesonde werkstoestande te verwesenlik. As deel van daardie samewerking, word van alle werknemers verwag om werk toe te kom sonder om onder die invloed van alkohol of onwettige verdowingsmiddels te wees. Die gebruik van onwettige verdowingsmiddels of die misbruik van wettig voorgeskrewe verdowingsmiddels in die werksplek is streng verbode.

Ons verbintenis tot eerlike handel

Monsanto belowe om sy saketransaksies met eerlikheid, integriteit en etiek te bedryf. Ons sal daarna streef om wettig en eties in die mark mee te ding.

Teenvertrouens- en ander mededingingswette
Teenvertroue is ’n algemene term rakende wette wat regverdige en openlike mededinging bevorder. Hierdie wette bestaan in die Verenigde State, die Europese Unie en talle ander lande waar Monsanto sake doen. Hulle het te doen met ooreenkomste en praktyke wat teenkompeterend is, soos prysvasstelling en die boikot of toewysing van verskaffers of klante/kliënte. Teenvertrouenswette is ook van toepassing op sakekombinasies soos spanooreenkomste, gesamentlike ondernemings, samesmeltings, verkrygings en ander koöperatiewe sakeooreenkomste. Ons sal voldoen aan alle toepaslike teenvertrouenswette en daarna streef om selfs net ’n sweem van enige ooreenkoms of skikking wat hierdie wette skend, te verhoed.

Mededingende intelligensie
Ons streef daarna om ons kompetisie op regverdige en eerlike wyse te oortref. Ons streef na kompeterende voordele deur uitmuntende prestasie, nooit deur onetiese of onwettige sakepraktyke nie. Om maatskappy-inligting te steel, geheime handelsinligting wat sonder die eienaar se goedkeuring verkry is, te besit, of sodanige openbaarmakings deur gewese of huidige werknemers van ander maatskappye uit te lok, is ten strengste verbode. Geen Monsanto werknemer of agent mag mededingende intelligensie soek of verkry deur manipulasie, verswyging, misbruik van beskermde inligting, wanvoorstelling van materiële feite, onbehoorlike ondervraging of toesegging van pasaangestelde werknemers, of enige ander doelbewuste oneerlike handelspraktyk nie.

Omkopery en agteraf betaling
Omkopery en agteraf betalings is onwettig en verbode. Omkopery en agteraf betalings is geweldig skadelik vir die vertrouenstruktuur wat geskep moet word ter verkryging van ’n gesonde omgewing waarbinne ons sakeonderneming kan groei. Geen fondse of bates van Monsanto sal betaal, geleen of andersins uitbetaal word as omkoopgeld, agteraf betalings, of ander betalings wat ten doel het om die optrede van die ontvanger te beïnvloed of onder verdenking te plaas nie. Geen werknemer mag ooit ’n omkoopbedrag of agteraf betaling werf of aanvaar nie.

Gaan na die afdeling getitel ‘Bystand in die stryd teen korrupsie’ in hierdie Kode, waar omkopery binne die internasionale arena bespreek word. Toelaatbare geskenke of vermaak word in die volgende afdeling bespreek.

Geskenke en vermaak
By Monsanto kom ’n deel van ons verbintenis tot regverdige kompetisie daarop neer dat geen onvanpaste of onregverdige voordeel verkry word deur geskenke of vermaak aan te bied nie. Ons sal ook nie toelaat dat enige maatskappy enige onvanpaste of onregverdige voordeel trek wanneer daar met ons sake gedoen word nie.

By geleentheid is die gee of uitruil van items van geringe waarde, soos geskenke, maaltye en vermaak toelaatbaar om goeie gesindheid en vertroue in sakeverhoudings te vestig. By Monsanto is dit toelaatbaar om sodanige geskenke te gee en te ontvang, solank dit wettig is, ongereeld gegee of aanvaar word, van geringe waarde is, nie beskou kan word as omkopery of afbetaling nie, en spreek van goeie smaak en oordeel. Dit sluit geskenke aan staats- en plaaslike regeringswerknemers in die Verenigde State in.

Werknemers mag geen geskenk wat beskou kan word as ’n poging deur Monsanto om enigeen met wie ons sake doen op ongepaste wyse te beïnvloed, aanbied of voorsien nie. In dieselfde lig, mag geen Monsanto werknemer enige geskenk aanvaar wat die indruk kon laat dat die werknemer of Monsanto hierdeur beïnvloed kan word nie. Verhoudings wat verskaffers aan Monsanto raak, verdien spesiale aandag.

Ons verbintenis tot eerlike handel (vervolg)

Gaan na die afdeling getitel ‘Bystand in die stryd teen korrupsie’ in hierdie Kode waar geskenke aan regeringsamptenare buite die Verenigde State bespreek word.

Bemarkingsintegriteit

Monsanto ding mee om saketransaksies wat op die besonderse waarde van ons produkte en dienste gebaseer is. Ons bemarkingspogings behoort in pas te wees met die uitmuntende reputasie wat ons Monsanto graag wil laat geniet. Ons sal daarna streef om misleidende of bedrieglike verklarings in ons bemarkingsmateriaal te vermy.

Sulke verklarings mislei dalk ons klante/kliënte of ander persone wat staat maak op ons eerlikheid rakende die kos wat hulle eet en die Monsanto produkte wat hulle gebruik. Ons sal probeer verhoed dat so iets gebeur. Monsanto bemarkingsmateriaal behoort waarheidsgetrou en akkuraat te wees. Sulke materiaal behoort gesteun te word deur gegronde wetenskaplike data, en moet vals verwysings na die produkte van ons mededingers vermy.

Politieke bydraes en stemwerwing
Om deels te verseker dat ons boodskap gehoor en verstaan word, kan Monsanto kies om by politieke aktiwiteite betrokke te raak. Dit is Monsanto se beleid om ten volle te voldoen aan toepaslike wette wat korporatiewe politieke aktiwiteite beheer.

In die Verenigde State mag Monsanto kragtens alle toepaslike wette, vrywillige politieke aksiefondse waartoe werknemers kan bydra en wat onafhanklik is van enige politieke party, organisasie of kandidaat, vestig. Werknemers se bydraes tot sulke fondse sal te alle tye heeltemal vrywillig wees. Of ’n werknemer hieraan deelneem of nie, sal geen uitwerking op sy of haar indiensneming, bevordering of vergoeding hê nie.

In die Verenigde State mag Monsanto korporatiewe veldtogbydraes maak tot regerings- of plaaslike politieke partye, politieke komitees of kandidate wat hulle verkiesbaar stel vir ’n amp, maar slegs waar en tot watter mate sodanige bydraes wettig is. Dit is Monsanto se beleid om nie finansiële steun te verleen aan politieke partye buite die Verenigde State sonder vooraf goedkeuring deur ’n geskikte Monsanto beampte nie.

Wêreldwye politieke stemwerwingspogings word streng gereguleer. Al Monsanto se stemwerwingspogings sal aan alle toepaslike wette en regulasies voldoen.

Binnekring-handeldrywing
Ten einde regverdigheid en openlikheid in die handeldrywing met sekuriteite en voldoening aan toepaslike sekuriteitswette te verseker, word alle Monsanto werknemers verbied om by binnekring-handeldrywing betrokke te raak. Binnekring-handeldrywing kom die algemeenste voor wanneer “binne-inligting” wat deur Monsanto verkry is, gebruik word om die sekuriteite van enige maatskappy, nie net Monsanto nie, te koop of te verkoop.

Die gebruik van binne-inligting (d.w.s. inligting van vertroulike en materiële aard) wanneer aandele gekoop of verkoop word, of om ’n familielid, vriend of enige ander persoon te voorsien van ’n “wenk” gebaseer op sodanige inligting, is sowel onwettig as oneties. Alle nie-openbare inligting oor Monsanto behoort beskou te word as maatskappy-inligting en nooit gebruik te word vir persoonlike gewin, insluitend die verhandeling van aandele nie. Let op die volgende, asseblief: hierdie afdeling is van toepassing op alle werknemers, nie slegs senior bestuurslede nie.

Ons verbintenis tot eerlike handel (vervolg)

Belangekonflikte
'n Belangekonflik ontstaan wanneer persoonlike, sosiale, finansiële of politieke belange voorrang geniet bo dié van die Maatskappy. Belangekonflikte behoort vermy te word, want buiten om wetlike vraagstukke te skep, kan dit die indruk laat dat Monsanto nie eerlik handel dryf nie, en dat ons nie die hoë standaard van sake-etiek wat ons voorstaan, volg nie. Nie elke potensiële konflik is 'n probleem nie, maar alle potensiële konflikte moet openbaar gemaak word sodat daar betyds leiding gegee kan word.

Voorbeelde van potensiële konflik sluit in:

- Om in enige hoedanigheid namens 'n mededinger, klant/kliënt of verskaffer te werk, terwyl 'n werknemer nog in diens is van of diens lewer namens Monsanto.
- Om geskenke wat die nominale waarde oorskry, van 'n mededinger, klant/kliënt of verskaffer te aanvaar.
- Om met Monsanto te kompeteer wat betref die koop of verkoop van eiendom, dienste of ander belange.
- Om belang te hê by 'n transaksie waar Monsanto, 'n klant/kliënt of verskaffer betrokke is (uitgesonder roetinebeleggings by openbare handeldrywende maatskappye).
- Om 'n lening of waarborg van 'n verpligting te ontvang, vanweë u posisie binne Monsanto.

Vermy selfs net 'n sweem van 'n belangekonflik, en onthou tog om dadelik enige sodanige situasie waarin u uself mag bevind, openbaar te maak. Potensiële konflikte kan openbaar gemaak word by die Sakegedragskantoor of die Regsdepartement.

Korporatiewe geleenthede
By Monsanto kom ons dalk van persoonlike sakegeleenthede te wete vanweë ons Monsanto verpligtinge. Hierdie "korporatiewe geleenthede" kan tot 'n spesiale soort potensiële belangekonflik lei wanneer ons, of iemand anders met wie ons 'n noue persoonlike verbintenis het, deelneem aan 'n bestaande of potensiële sake-aktiwiteit waarby Monsanto 'n uitdruklike belang het. Ons moet enige sodanige potensiële konflikte ten sterkste vermy. As u uself voor so 'n potensiële konflik bevind, skakel die Sakegedragskantoor.

Verhouding met verskaffers en klante/kliënte
By die keuse van sub-kontrakteurs en verskaffers moet streng objektiewe oorwegings sover moontlik geld. Sodanige oorwegings sluit in gehalte, tegniese uitmuntendheid, koste/prys, skedule/aflewering, dienste en instandhouding van voldoende verskaffingsbronne en veiligheidsrekord, waar toepaslik. Net so moet u as 'n Monsanto verteenwoordiger onkreukbaar eerlik wees in alle saketransaksies met regerings, sakeondernemings en ander organisasies wat moontlik of inderdaad ons klante/kliënte en/of vennote word. Alle kontrakte met klante/kliënte en vennote moet eerlik onderhandel en gesluit word, met geen verborge transaksies of stilswygende ooreenkomste nie, en volledig skriftelik aangeteken word.

Ons verbintenis tot produkintegriteit

Monsanto se Gedragskode sluit ook produkintegriteit in. Deur produkintegriteit wil ons verseker dat ons produkte en tegnologie aan al die toepaslike wette, regulasies en goedkeuringstandaarde voldoen of dit oortref. Ons sal ook poog om ons produkte veilig en omgewingsvolhoubaar te maak, en ons bes doen om toe te sien dat dit reg en verantwoordelik gebruik word, en aan die gehalteverwagtings van sowel die klant/kliënt as die verbruikersproduk voldoen of dit oortref. Produkintegriteit word in meer besonderhede behandel in onderstaande afdelings, naamlik 'Wetenskaplike navorsing', 'Produkgehalte', 'Reguleringsvoldoening', en 'Produktoesighouding'.

Ons verbintenis tot produkintegriteit (vervolg)

Wetenskaplike navorsing
By Monsanto besef en begryp ons hoe belangrik dit is om wetenskaplike navorsing op etiese wyse te doen. Baie van ons sukses sal afhang van die vertroue wat met onderskeie groepe en persone opgebou word, en baie van daardie vertroue hang af van die akkuraatheid en betroubaarheid van die wetenskaplike data wat ons voorsien.

Om ons navorsingsproduk eties te hou, moet sodanige navorsing gedoen word met:

- Goedgekeurde protokolle en korrekte kontroles
- Ewesydige hersiening of gehalteversekeringsoorsig, soos toepaslik
- Data wat akkuraat aangeteken is, reproduseerbaar is of gerekonstrueer kan word en ordentlik gedokumenteer is
- Toepassing van 'n gepaste statistiese of data-ontleding.

Produkgehalte
Monsanto is verbind tot die voortdurende lewering van topgehalte produkte. Dit geskied aan die hand van gestandaardiseerde prosesse, insluitend prosesse wat voortdurend verbeter word. Verbintenis tot gehalte is een van ons kernwaardes en is die gemeenskaplike element wat die organisasie oorspan en ons met die klant/kliënt verbind. Produkgehalte word verseker deur die daaglikse pogings van elke werknemer. Topresultate, sowel dienslewerend as finansieel, is die natuurlike gevolge van doeltreffende gehaltebestuur. Dit is ons doelwit om leiding te verskaf in die bedryf wat betref die ontwikkeling en deel van die beste produkgehaltepraktyke, en om produkte wat aan alle regs- en kontraktuele vereistes voldoen, te lewer. Ons is daartoe verbind om die gereedskap aan ons vennote en lisensiehouers te bied, sodat hulle ook oor die vermoë beskik om produkte en aanbiedings van hoë gehalte te produseer.

Reguleringsvoldoening
Monsanto bedryf ons handel wêreldwyd in 'n hoogs gereguleerde omgewing waarin die meeste van ons produkte goedgekeur moet word deur reguleringsagentskappe voordat dit aan ons klante/kliënte verkoop of deur hulle gebruik kan word. By Monsanto is dit ons doelwit om te voldoen aan alle relevante internasionale, streeks- en plaaslike regulasies en goedkeuringsprosesse en -vereistes. Op daardie wyse kan ons ons produkte bemark, en ons klante/kliënte kan op hul beurt ook hul produkte bemark. Verder kan Monsanto deur te voldoen aan alle regulerende veiligheids- en voldoeningsvereistes of dit te oortref, ons klante/kliënte, kwekers en verbruikers verseker dat ons die veiligheid van ons produkte vasgelê het en aan strawwe hersienings deur die betrokke reguleringsowerhede voldoen het.

Produktoesighouding
Dit is Monsanto se verantwoordelikheid om toesig te hou oor sy produkte en tegnologieë, en ook om die nodige ondersteuning te bied. Produkte en tegnologieë moet geëvalueer word om te sien of dit veilig en omgewingsverantwoordelik is. Verder het produktoesighouding te doen met ons verpligting om die regte en verantwoordelike gebruik van daardie produkte en tegnologieë te verduidelik en te bevorder, veral wat die standaarde en beginsels van die gemeenskap betref.

Monsanto is verbind tot produktoesighouding en beskik oor 'n Gesondheids- en Omgewingstoesighoudingsraad en verskeie werksgroepe aan wie toesighouding as sodanig opgedra is. Die Raad is verantwoordelik om Monsanto te help om aan ons toesighoudingsverpligtings te voldoen. Daar word van werknemers verwag om toesighoudingsinisiatiewe te ondersteun.

Ons verbintenis om binne ons gemeenskappe te werk

By Monsanto begryp ons die impak wat ons het op die gemeenskappe met wie ons sake doen, en ons wil graag positiewe bydraes maak ter verbetering van hierdie gemeenskappe. Ons begryp dat dit 'n voorreg is om toegelaat te word om sake binne ons gemeenskappe te doen, en ons sal ons bes doen om die voorreg wat ons daagliks te beurt val, waardig te wees.

Omgewingsbeskerming
As maatskappy is ons verbind tot die beskerming van die omgewing, en die gesondheid en veiligheid van ons werknemers, kontrakteurs, gaste en bure. As deel van hierdie verbintenis streef ons om te voldoen aan omgewings-, gesondheids- en veiligheidswette en -regulasies waar ons ook al bedrywig is. Sodanige wette en regulasies, hetsy federaal, op streeksvlak of plaaslik, stel 'n minimum standaard vir ons fasiliteite en praktyke.

Werknemers met werksverpligtinge wat op enige wyse verband hou met omgewingsaktiwiteite, moet hulle streng hou aan toepaslike wette en regulasies, en aan die Monsanto omgewingsbeleidsaspekte soos in die Monsanto ESH-handleiding uiteengesit. As hierin misluk word, kan dit 'n uitwerking op ons gemeenskappe en die omgewing hê, afgesien van die ernstige regsgevolge wat dit inhou.

Werknemers se politieke aktiwiteite
Monsanto moedig sy werknemers aan om betrokke te raak by burgerlike aangeleenthede en om deel te neem aan die politieke proses. Op hierdie wyse kan ons almal goeie burgerskap beoefen en betekenisvolle bydraes tot ons gemeenskappe lewer. Enige politieke aktiwiteit waarby u betrokke is, vind egter plaas binne u persoonlike en privaat hoedanigheid en nie namens die Maatskappy nie. Indien u u verkiesbaar stel, moet u seker maak dat u geen Maatskappyeiendom of -toerusting vir hierdie doel gebruik nie. U politieke betrokkenheid moet streng binne u eie tyd geskied.

Ons verbintenis tot akkurate publieke openbaarmaking en die regte gebruik van Maatskappybates

Ons beleggers stel hul vertroue in ons om Maatskappybates, waarby finansiële bates ingesluit is, verantwoordelik te gebruik. Op hierdie wyse word sodanige bates aangewend waarvoor dit bedoel is: om ons sakeonderneming te help groei.

Gehalte van publieke openbaarmaking
Monsanto het 'n verantwoordelikheid om doeltreffend en openhartig met aandeelhouers en ander rolspelers te kommunikeer, sodat hulle 'n realistiese oorsig het van Monsanto se finansiële toestand en resultate van werksaamhede, soos deur die bestuur beskou. Monsanto is verbind tot volledige, eerlike, akkurate, tydige en verstaanbare openbaarmaking in sy periodieke verslae soos geliasseer by die Kommissie vir Sekuriteite en Valuta en in ander publieke openbaarmakings.

Akkurate boekhouding en rekords
Eerlike en akkurate aantekening en verslagdoening van Maatskappy-inligting is uiters belangrik. Beleggers maak op ons staat en die wet vereis van ons om akkurate inligting oor ons sakeonderneming te voorsien en om ingeligte sakebesluite wat op betroubare rekords gebaseer is, te neem. Allerhande soorte saketransaksies word alleenlik deur werknemers wat daartoe gemagtig is, uitgevoer. Saketransaksies moet onmiddellik en akkuraat aangeteken word, ten einde voorsiening te maak vir die voorbereiding van akkurate finansiële en ander rekords, en ten einde die verantwoordelikheid vir bates en laste duidelik weer te gee. Geen onaangetekende fondse mag vir enige doel gestig of in stand gehou word nie. Rekords mag op geen wyse vervals word nie. Geen inskrywing wat doelbewus die ware aard van enige transaksie verberg of verdoesel, mag gemaak word nie.

Ons verbintenis tot akkurate publieke openbaarmaking en die regte gebruik van Maatskappybates (vervolg)

Monsanto werknemers met toesighoudende verpligtinge is verantwoordelik vir die vestiging en instandhouding van ’n doeltreffende stelsel van administratiewe en rekeningkundige beheer op die gebiede waarvoor hulle verantwoordelik is.

Rekordbestuur
Ons sakefunksies is afhanklik van rekordhouding om net soos mense, hoewel op ’n kleiner skaal, tred te hou met wat hulle het en om hul sake in orde te hou. Oor die algemeen kan ’n maatskappy sonder rekords nie bewys wat aan hom behoort of dat daar reg opgetree is nie.

Die wet vereis van ons om vir bepaalde tydperke talle soorte rekords te hou, insluitend rekeningkundig van aard, oor belasting, en omgewingsgesondheid en veiligheid. Hierbenewens benodig ons ter verdediging in regsgedinge en wanneer ons patente in die gedrang kom, dikwels rekords wat verder terugverwys as wat die wet vereis.

Om te verseker dat die juiste rekords byderhand is en om te voldoen aan die toepaslike wette en regulasies, moet alle werknemers voldoen aan die Rekordbeheer-handleiding en die houtyd van alle belasting- en regsrekords.

Intellektuele eiendom en vertroulike inligting
Baie van die harde werk wat deur Monsanto werknemers gedoen word, word in verskillende vorme van vertroulike inligting, insluitend intellektuele eiendom, vasgelê of gehou. Vertroulike maatskappy-inligting wat binne ons sakeonderneming geskep en versamel word, is ’n waardevolle maatskappybate. Die beskerming van hierdie inligting speel ’n belangrike rol in ons voortgesette groei en mededingingsvermoë, en alle maatskappy-inligting behoort in die strengste vertroulikheid behoue te bly, buiten waar openbaarmaking deur Monsanto gemagtig of dit andersins wettiglik vereis word.

Maatskappy-inligting sluit in alle nie-openbare inligting wat nuttig kan wees vir mededingers of beleggers, of skadelik vir Monsanto of sy klante/kliënte indien dit openbaar gemaak word, soos sake-, navorsings-, bemarkings-, verkoops- en nuwe produkplanne, doelwitte en strategieë, rekords, databasisse, salaris- en voordeledata, werknemers se mediese inligting, lyste van klante/kliënte, werknemers en verskaffers, en enige ongepubliseerde finansiële of prysinligting, en sluit intellektuele eiendom in. Intellektuele eiendom is ’n algemene term wat kan verwys na idees, geskrewe werk, handelsname, rekenaarprogramme, formules, industriële prosesse, uitvindings en ander resultate van intellektuele inspanning. Dit kan ook vertroulike sake-inligting, soos ontwerpe, tekeninge, berekenings en rekenaardatabasisse en sagteware insluit. Patente, handelsmerke, kopieregte en handelsgeheime is elkeen opgestel om ’n bepaalde soort intellektuele eiendom te beskerm, maar word dikwels gekombineer om maksimum beskerming te verleen.

Omdat dit nie altyd maklik is om te bepaal wat intellektuele eiendom en wat vertroulike inligting is nie, behoort werknemers altyd alle materiaal vertroulik te behandel totdat ’n geskikte Monsanto verteenwoordiger anders daaroor besluit. Ongemagtigde gebruik of verspreiding van vertroulike inligting skend Maatskappybeleid en sou kon lei tot dissiplinêre optrede. Dit sou ook onwettig kon wees en tot siviele of selfs kriminele strawwe kon lei.
Ons het elkeen ’n verpligting om alle vertroulike inligting en intellektuele eiendom wat deur Monsanto aan ons toevertrou is, met ywer te beskerm, en hierdie verpligting sluit die ordentlike beskerming van andere se intellektuele eiendom in. Werknemers is verantwoordelik vir die beveiliging van alle vertroulike inligting deur dit dienooreenkomstig te merk, dit veilig te hou, en toegang daartoe te beperk tot dié werknemers wat die inligting nodig het om hul werk te kan doen.

’n Werknemer se verpligting om Monsanto se maatskappy- en vertroulike inligting te beskerm, duur voort selfs nadat hy of sy Monsanto se diens verlaat het. Werknemers wat Monsanto se diens verlaat, moet alle maatskappy-inligting in hul besit terugbesorg.

Ons verbintenis tot akkurate publieke openbaarmaking en die regte gebruik van Maatskappybates (vervolg)

Maatskappyeiendom
Maatskappyeiendom moet gebruik word om maatskappysake te doen. Daar word van ons verwag om verantwoordelik op te tree en gesonde oordeel aan die dag te lê in die gebruik van maatskappyeiendom. Dit is ons verantwoordelikheid om maatskappybates teen verlies, diefstal, wangebruik en vermorsing te beskerm. Diefstal, ongeërgdheid en vermorsing het 'n direkte uitwerking op ons winsgewendheid, en enige vermeende geval van diefstal, bedrog of ondoeltreffende gebruik van maatskappybates behoort aangemeld te word by 'n bestuurder, die Sekuriteitsdepartement of die Sakegedragskantoor. Persoonlike gebruik van maatskappyeiendom per geleentheid is toelaatbaar indien sodanige gebruik wettig en van beperkte duur en frekwensie is, en nie 'n aansienlike hoeveelheid maatskappyhulpbronne verbruik nie. Daar word van werknemers verwag om maatskappyhulpbronne wat vir hierdie doel goedgekeur is, te gebruik wanneer persoonlike items te koop of te huur gelys word. Spesifieke leiding volg.

Rekenaar, e-pos en die internet
Die Monsanto rekenaarstelsel (wat enige rekenaar soos deur die Maatskappy aan 'n werknemer voorsien, insluit) is maatskappyeiendom. Soos die geval met alle Monsanto eiendom, word die rekenaarstelsel voorsien vir die uitvoering van Monsanto werk.

Elke werknemer is daarvoor verantwoordelik om die Maatskappy se rekenaarstelsel (insluitend die gebruik van e-pos en die internet) korrek en ooreenkomstig toepaslike wette en maatskappybeleid te gebruik. Alle kommunikasie en inligting oorgedra deur, ontvang van, geskep of geberg in die Maatskappy se rekenaarstelsel (insluitend diskette, CD's of ander bergingsmedia) is Monsanto rekords en Monsanto eiendom. Die Maatskappy het die reg, maar nie die verpligting nie, om vir welke rede ook al en sonder toestemming deur die werknemer, alle aspekte van die rekenaarstelsel te moniteer.

Hoewel minimale persoonlike gebruik van die rekenaarstelsel toegelaat word, is die gebruik van die rekenaarstelsel om onwettige boodskappe of lêers te stuur of te ontvang, verbode. Die stuur of ontvang van seksuele, rasse- of andersins eksplisiete, lasterlike, beledigende of oneerbiedige inligting of materiaal is ook verbode. Tensy goedgekeur deur Monsanto, mag die rekenaarstelsel ook nie gebruik word om werwing te doen ter wille van godsdienstige of politieke belange, buitemaatskappye of ander -organisasies, of vir aktiwiteite wat nie met 'n werknemer se verpligtinge by Monsanto verband hou nie.

Privaatheid van rekords
In die uitvoering van ons werkspligte, kan dit gebeur dat ons by geleentheid 'n persoon se mediese rekords of ander persoonlike inligting onder oë kry. Hierdie inligting word aan ons toevertrou met die veronderstelling dat dit op die regte wyse gebruik en geberg sal word. Ons sal die vertroulikheid van alle mediese en persoonlike inligting in ons besit beveilig en die regte gebruik en toegang tot sodanige inligting handhaaf. Verder word ons in die uitvoering van ons werkspligte dalk ook bewus van finansiële of ander sensitiewe persoonlike inligting oor verbruikers, ons klante/kliënte, ens. Sulke inligting behoort voldoende beskerm en op die regte wyse deur Monsanto gebruik te word.

Privaatheid rakende die Europese Unie
Die Europese Unie (EU) se Direktief oor Databeskerming (die Direktief) laat slegs toe dat persoonlike data van EU-burgers oorgedra word aan daardie nie-EU-lande wat 'n "voldoende" vlak van privaatheidsbeskerming bied. Monsanto entiteite binne die EU sal aan die Direktief voldoen. Buite die EU sal Monsanto voldoen aan die "Beginsels" soos opgesom deur die VSA se Departement van Handel ten einde voorsiening te maak vir die beskerming van EU- persoonlike data wat aan Monsanto in die Verenigde State gestuur is of waartoe die Maatskappy toegang verkry het.

Ons verbintenis tot die wêreldwerkplek

Monsanto is trots daarop om ten opsigte van ’n hele aantal sake ’n leier te wees in die wêreldwerkplek. Dit is ’n voorreg om ons produkte en dienste in talle lande rondom die wêreld te kan aanbied, om die unieke geleentheid te hê om die burgers van daardie lande te help om hul lewenstandaard te verhoog, en om die gesondheid en welsyn van hulle en hul kinders te verbeter. Saam met daardie voorreg om sake dwarsoor die wêreld te doen, kom die verpligting om sowel die wette wat die wêreldsakebedryf beheer, as die regeringsamptenare wêreldwyd wat wette toepas of verorden, te respekteer. Ons sal nou sommige van daardie wette bespreek.

Bystand in die stryd teen korrupsie
In die uitvoering van hul pligte kom Monsanto werknemers van tyd tot tyd in aanraking met regeringsamptenare. Dit is van die uiterste belang dat al sodanige kontakte oop en bo verdenking sal wees.

’n VSA-wet, die *Foreign Corrupt Practices Act* (FCPA) (Wet op Buitelandse Korrupsiepraktyke), verbied Monsanto werknemers en agente om die betaling van geld of enigiets van waarde aan regeringsamptenare buite die VSA direk of indirek aan te bied, te beloof, of te magtig met die doel om die optrede of besluite van sodanige amptenare te beïnvloed. Meer as sestig lande het soortgelyke wetgewing verorden, waardeur omkopery deur burgers van daardie lande van regeringsamptenare in ander lande verbied word. Monsanto werknemers en agente sal voldoen aan die FCPA en soortgelyke teenomkoopwette.

Die vergemakliking van betalings sal nie geskied sonder die vooraf goedkeuring van die Algemene Raad nie, tensy daar ’n noodsituasie is.

Verder het bykans elke land wette wat verbied dat enige betaling of enigiets van waarde (direk of indirek) aan ’n werknemer of amptenaar van daardie land se regering gemaak, aangebied of beloof word, wanneer sodanige betaling ten doel het om ’n amptelike handeling of besluit sodanig te beïnvloed dat ons daardeur saketransaksies verkry of behou.

Gevolglik mag geen betalings, geskenke, dienste of enige ander item van waarde aangebied of gegee word aan enige regeringsamptenaar waar ook al in die wêreld, indien daardie betaling, geskenk, diens of item ten doel het of selfs net mag lyk asof dit die optrede van ’n regeringsamptenaar sodanig kan beïnvloed dat Monsanto gevolglik saketransaksies verkry of behou nie.

Teenboikot-wette
Die Verenigde State handhaaf teenboikot-wette wat opgestel is om te verseker dat maatskappye op geen wyse aan onbekragtigde boikotte meedoen nie. So byvoorbeeld, hanteer VSA-wetgewing die boikot van Israel deur sekere lande as ’n onbekragtigde boikot. VSA-teenboikotwette stel streng verbods- en verslagdoeningsvereistes ten opsigte van sodanige boikotte en enige versoeke om daaraan mee te doen. VSA-wette en -regulasies op hierdie gebied is van toepassing op nie-VSA-affiliate van Monsanto en aktiwiteite buite die Verenigde State. Ons sal voldoen aan sodanige teenboikot-wette en ons aan die betrokke verslagdoeningsvereistes hou.

Handel- en ekonomiese sanksies
Die Verenigde State stel van tyd tot tyd ekonomiese sanksies en handelsembargo’s in om buitelandse beleidsdoelwitte te bevorder. Dit word gedoen deur die beperking en monitering van handels-, beleggings- en finansiële transaksies deur VS-persone en maatskappye, en soms nie-VS-affiliate en persone, met sekere lande, organisasies en individue. VS-wette en -regulasies op hierdie gebied is van toepassing op nie-VS-affiliate van Monsanto en kan transaksies tussen ’n nie-VS-affiliaat en ’n ander entiteit buite die VS insluit.

Monsanto werknemers sal hulle by alle toepaslike handelsaksiewette hou.

Ons verbintenis tot die wêreldwerkplek (vervolg)

Uitvoer en invoer
Uitvoer en invoer is ’n daaglikse deel van Monsanto se internasionale verkope en aankope. Monsanto is verbind tot voldoening aan alle VS- en relevante nie-VS-wette en -regulasies wat die vervoer van ons produkte oor internasionale grense heen beheer. Elke land (of groep lande soos die EU), insluitend die VS, vereis dat ingevoerde goedere ’n doeaneproses deurgaan. Monsanto sal voldoen aan al die toepaslike doeanewette deur doeane-owerhede te voorsien van akkurate en waarheidsgetroue inligting oor die produkte wat ons uit- of invoer.

Etiese valutatransaksies
Meer as 100 lande beskik nou oor wette wat geldwassery verbied. Geld word “gewas” wanneer dit vanuit ’n onwettige aktiwiteit geneem en deur ’n wettige aktiwiteit gevoer word om kriminele optrede wat daarmee geassosieer word, insluitend die misdade wat daardeur geskep word soos terrorisme, dwelmhandel of onwettige belastingontduiking, te verdoesel. Monsanto is daartoe verbind om ten volle aan alle toepaslike teengeldwaswette wêreldwyd te voldoen.

Monsanto se integriteit en reputasie kan ernstig geskaad word as ons nie daarin slaag om dié verbintenisse wat vir ons ’n risiko inhou, op te spoor en te vermy nie. Monsanto sal sake doen met vennote, veral klante/kliënte, wat ’n goeie reputasie het en by wettige sake-aktiwiteite betrokke is. Ons sal nie willens en wetens geld wat van onwettige bronne of aktiwiteite afkomstig is, ontvang nie.

Veelvoorkomende vrae

Wat is my verantwoordelikhede volgens die Kode?
Ons is almal verantwoordelik daarvoor om integriteit deel te maak van alles wat ons doen, om die hoë standaarde wat ons as Monsanto werknemers aan onsself stel, uit te leef. Elke Monsanto werknemer sal voldoen aan toepaslike wette, ons beleid en ons Sakegedragskode, en sal enige situasie wat selfs net lyk asof dit ’n skending van die Kode is, by die Sakegedragskantoor aanmeld.

Ons vertrou die integriteit van ons werknemers en is gereed om te help met vraagstukke en konflikgebiede. Werknemers wat egter nie aan die Kode voldoen nie, sal onderworpe wees aan dissiplinêre optrede tot by en insluitend beëindiging van diens. Hierbenewens word daar van alle werknemers verwag om saam te werk met enige ondersoek rakende ’n vermeende skending van die Kode.

Dit is Monsanto beleid om nie ongunstig op te tree teen ’n werknemer wat in eerlikheid en goeie vertroue vermeende skendings van die Monsanto Sakegedragskode by die Monsanto bestuur, Regsdepartement of Sakegedragskantoor aanmeld nie. Enige bestuurder wat vergeldend optree teen ’n werknemer wat ’n verslag onder hierdie Kode indien, sal onderworpe wees aan dissiplinêre maatreëls tot by en insluitend beëindiging van diens. Enige werknemer wat aan die hand van bewyse willens en wetens ’n vals verslag ingedien het, sal ook onderworpe wees aan dissiplinêre optrede tot by en insluitend beëindiging van diens.

Wat is my verantwoordelikhede volgens die Kode?
Daar word van Monsanto bestuur verwag om die voorbeeld te stel wat die regte sakegedrag betref. Dit beteken die skep en onderhou van ’n werksomgewing waarin werknemers sowel verstaan watter etiese optrede van hulle verwag word, as vry voel om vraagstukke of kwelpunte rakende daardie optrede te opper. Ons bestuur op alle vlakke moet met ywer op die uitkyk wees na aanduidings dat skendings van ons Kode waarskynlik voorgekom het.

Veelvoorkomende vrae (vervolg)

Daardie ywer moet ook geld in die aanspreek van situasies wat dalk neerkom op ’n skending van ons Kode. Ten slotte, het elke bestuurder ’n absolute verpligting om enige geval van ’n vermeende of skynbare Kodeskending by die Sakegedragskantoor aan te meld.

Waar gaan ek hulp vra as iets vir my onduidelik is?
Die Sakegedragskantoor is gereed om hulp te verleen.

Monsanto Riglyn:	877•781•2431
Kantoortelefoonnommer:	800•886•0782
E-pos:	business.conduct@monsanto.com
Gewone pos:	Monsanto Business Conduct Program P.O. Box 21526 St. Louis, MO 63132, USA
Sakegedrag se webgebaseerde terugvoervorm:	Op die Sakegedragsprogram-webblad

Slotgedagtes

Met die uitreiking van hierdie Sakegedragskode, herbevestig Monsanto sy verbintenis om al sy sake te doen met integriteit, en in ooreenstemming met alle wetlike vereistes en die etiese standaarde wat in hierdie kode uiteengesit is. Hierdie Kode sal eers werklik van waarde wees wanneer elke persoon in ons Maatskappy hom of haar persoonlik daartoe verbind, en dit is presies wat van ons almal verwag word. Wend elke poging aan om ons Belofte en die waardes inherent hieraan in alle aktiwiteite uit te leef. Soek na nuwe en innoverende wyses om die Belofte en daardie waardes in ons daaglikse sake-aktiwiteite uit te bou.

Uitdagings wat tydens ons sake-aktiwiteite na vore kom, kan opgelos word in ooreenstemming met alle toepaslike wette en regulasies, en met ons hoë etiese standaarde, en steeds toelaat dat ons aan ons sakedoelwitte voldoen indien vraagstukke vroegtydig geïdentifiseer word, saam aangespreek word, en weldeurdag opgelos word. Saam kan ons ’n wen-omgewing skep.